

MER, rondreisende sekretaresse van ACVV in 1928 het gesê: "Die ACVV se wortels is in Ewigheidsgrond".

Moeder Theresa, nog 'n formidabele vrou het gesê:

"Daar is 'n hoër ideaal as om 'n hoë posisie in die wêreld te beklee.
Dit is om neer te buig en dié wat teen die grond is, 'n bietjie hoër op te lig"

Die ACVV George kan dus met trots terugkyk oor 100 jaar met die wete dat waar ons kon en nog kan, ons altyd sal poog om presies dit te doen.

Die ACVV is nie net die oudste welsynsorganisasie in die land nie, maar ook die oudste in George.

'n Warm en hartlike ACVV welkom by vanaand se viering.
Baie dankie vir u ondersteuning. Ons vertrou dat u die aand saam met ons sal geniet en dat u ook die omvang van die dienste wat ons lewer sal ervaar.

Laat my toe om enkele persone spesiaal te verwelkom:

1. Ons agbare Burgemeester Raadsheer Melvin Naik en mev Naik.

Raadsheer Naik, baie dankie vir die borg van die ete en dat u ook bereid is om 'n heildronk op die ACVV George in te stel.

Dit is vir ons Vereniging baie belangrik dat U, as George se eerste Burger, bekend is met die welsynsdienste wat ons in die dorp lewer.

So word ons leuse van "SAAM IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP" immers 'n werklikheid.

2. Mev Ria Abel, Voorsitter van die ACVV se Nasionale Raad al die pad vanaf Kaapstad. Mev Abel was vir 'n hele aantal jare lid van ACVV George. So sy het ook 'n groot bydrae in ons Tak se geskiedenis, gelewer.

3. Dr. Shanie Boshoff, Hoof Uitvoerende Beamppte van ACVV Hoofkantoor te Kaapstad

3. Mev Tossie du Toit. ACVV Streeksbestuurder en haar man.

4. Mev. Riana Lategan, Takbestuurder en haar man Marius.

5. Mev Diane de Jager, 'n vorige Hoofbestuurslid vir hierdie streek.

6. Mev Ria Burger, oud-Voorsitter van ACVV George

(Mev Gretha Gericke, ook 'n oud Voorsitter en ons oudste lid bied haar verskoning aan. Sy vier môre haar 99ste verjaardag en wil nie graag meer in die aand uitgaan nie.)

7. Mev Ingrid Parks van die Departement Maatskaplike Dienste.

8. Mev Drienie Wepener, teksskrywer van die program.

9. Mev Christa Jooste Vise Voorsitter van ACVV George Tak, haar man Derick en alle bestuurslede.

10. Oud- en huidige Hoofde en Personeel

11. Mev Drienie Wepener teksskrywer vir die program

12. Ook aan Hanna Barkhuizen en Anneleen Vosloo vir die bewoording en toonsetting van die nuwe ACVV Keuterskoollied. Aangesien dit logisties onmoontlik is om die kleuters vir die liedjie hierheen te bring, het ons dit vooraf opgeneem en gaan dit later gespeel word.

13. Spesiale woord van welkom ook aan:

Jak de Priester, ons gaskunstenaar vir die aand en Michael Lindt, sanger, Alex se dansgroep en Jonny, die kletsrymer.

Baie dankie, nogmaals vir u ondersteuning.

Kom reis nou saam met Jak de Priester na ACVV George se reis van gister tot vandag.

"Die ACVV Tak van George kan met trots terugkyk op hul pad.

Vir 'n eeu lank het vrywilligers en personeellede hande gevat,

Een met hul werkvermoë, hul omgee en vertrouwe op ons Heer,

Die nood help verlig en voortdurend behoeftes geïdentifiseer.

As ACVV-lede weet ons: Daar is geen program vir die konsert van die lewe,

Maar al sou nog moeiliker tye wag, is dit die ACVV-George se strewe

Om in die jare wat kom, te voldoen aan die eise wat die gemeenskap verg,

Hier in ons natuurskone Hartland - aan die voet van die Outeniquaberg"(uit die pen van Drienie Wepener)